MY PAD MET BORSKANKER

Tina van Eeden
Met Oktober, heel gepas genoem die mooiste, mooiste maand, deel ek graag my verhaal. En heel toevallig in borskanker bewustheidsmaand, gaan myne oor borskanker. Ek is in April 2016 gediagnoseer. Waar ek 2016 opsy gesit het om pro-aktief teen die emosies van leë nes-sindroom te werk, word ek toe gekonfrontreer met die grootste, lewensveranderende uitdaging van my lewe. Om te spring van Maandag 16 Mei 2016 toe ek my mastektomie gekry het tot waar ek my vandag bevind, is amper 'n vergesogte gedagte. Toe dink jy hoe gaan ek hierdeur kom en nou dink jy hoe op dees aarde het ek hierdeur gekom!

Die vrees, bang, hartseer en kommer in beide my en Pieter se oë is iets wat ek elke aand kan herroep as ek my oë toemaak om dankie te sê vir nog 'n genade-dag vir my gegee. Met vrees binne my dat my geloof dalk, net dalk, hierdie keer nie groot genoeg gaan wees om my hierdeur te dra nie, het ek met chemoterapie begin. Na die soveelste bloedtrek by Durbanville Mediclinic loop ek eendag vir ds André van Wyk raak en hy vertel my net daar in die voorportaal dat “all is well because God is good”. En ek besef ek kan maar my twyfeldae hê, want daar is soveel mense wat my dra in gebed. Romeine 5:8 was my “go to” versie: "I LOVED YOU AT YOUR DARKEST." Stadigaan het ek die vreugde, “Joy”, begin ervaar wat Jesus vir ons almal wil gee.

My rede vir die deel van my ervaring is om vir enige vrou wat met hierdie diagnose gekonfrontreer word, te sê ... wees sag met jouself. Huil met jou man, maar bly glo; huil met jou kinders, maar bly glo en huil met jou vriendinne, maar bly glo. Geloof bring dankbaarheid en dankbaarheid bring vrede en geluk. Die media kan mens so maklik oortuig dat jy 'n “warrior” moet wees voordat jy 'n “survivor” kan word. Ek is nog in die vroeë dansfase met kanker en ver van “survivor” status en wonder daagliks of ek nie eerder elke dag liewers 'n “warrior” wil wees as bloot net 'n “survivor” nie. Want alles verander na so 'n diagnose en in die toekoms word jy in die begin 3 maandeliks en dan 6 maandeliks en dan jaarliks met ondersoeke herinner dat jy met iets binne jou saamleef wat die potensiaal het om jou aardse bestaan van jou te neem.

En dit is hierdie wete wat my die voorreg gee om elke liewe dag in dankbaarheid te leef. Die besef dat die werklike geskenk van genade daarin lê dat hoe meer dankbaar mens word, hoe groter word jou bewuswording van God se teenwoordigheid.

Ek sal graag gesels met enige vrou wat ook hierdie pad stap en ondersteun waar ek kan. Voel vry om my enige tyd te kontak, ons kan net leer en meeleef met mekaar se ervarings. Tina van Eeden 083 651 4909 tvaneeden@shelco.co.za

Beatie Els van Huis Aristea is al vir 39 jaar betrokke by die ondersteuning van mense wat geaffekteer word deur borskanker. U kan haar ook kontak by 021 975 7896.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 29 OKTOBER 2017
		Teks: Heb. 12: 1 – 3
09:00	**Kerk: Klassieke diens**	Ds. André Agenbag Nagmaal Ds.Freek Serfontein Doop
09:30	**Sentrum: Familiediens**	Ds. Jana Dickason Nagmaal
10:00	**Jeuggroepe**	Voorskool – Gr. 3
18:00	**Jeuggroepe**	Gr. 4 – 11
	#theRock (Tieners)	Ds. Jana Dickason

GESAMENTLIKE DIENS 05 NOVEMBER KERKGEBOU DOOP EN BELYDENIS VAN GELOOF

Leraars:
Ds.Jana Dickason
Dr. Tinus van Zyl

BELYDENIS VAN GELOOF

Die doop verseker ons dat ons aan God behoort. Met ons belydenis van geloof kry ons die kans om te antwoord op die genade en trou wat spruit uit ons doopbelofte. Ons is bevoorreg om deur beide hierdie handelinge, herinner te word aan God se troue genade.

Ons nooi jonk en oud om hierdie besondere diens by te woon. Na die doop en belydenis gaan al die kinders saal toe vir lekker aktiwiteite en na die diens kuier ons almal saam in die kerktuin. Kom deel in die feesviering!

OKTOBER BEWUSMAKING VAN BORSKANKER ONS BID SPESIAAL VIR PERSONE WAT LEI ONDER BORSKANKER

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:

- Catherina Oosthuizen
- Sariët Bernhardi dogter van Eddie en Helienne Pretorius

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Sonja Punt, Rinette Kuhn, Liezl Marx, Susie Groenewald, Dawie en Marie Theron, Elize en Gerrit Visser, Rudi Niewenhuizen en Nagmaalspan (Klassieke diens)
Nana de Kock en Nagmaalspan (Familiediens)

DOOP VANDAG – KLASSIEKEDIENS

Baie geluk aan Donovan en Nadia Whittaker wat vir Logan Whittaker doop.
Ons versoek asseblief dat geen fotograaf tydens die doop opstaan, rondbeweeg, en foto's neem wat geluide en flitse maak nie. Ons beveel aan dat 'n familielid of vriend heel voor sit om die doop self op video op te neem, sodat hulle dit later vir die kindjie kan wys. Foto's kan ook na die diens in die liturgiese ruimte geneem word.

OFFERGAWES

Vandag se Spesiale Offergawe gaan aan **Senior persone**. Veroudering is 'n mylpaal wat gevier en nie gevrees moet word nie. Die gemeente wil graag die fokus plaas om die selfbeskikkingsreg van elke senior persoon te erken en versterk. Die Uitreikgroep van ons gemeente reik uit na seniors wat eensaam, geïsoleerd of tydelik immobiel is en verleen nodige hulp, om hul beter daaraan toe te laat.

ONS GEMEENTE SE FINANSIES:

Baie dankie vir lidmate se reaksie wat ons die afgelope week ontvang het. Ons verwelkom regtig die vrymoedigheid wat lidmate neem en steeds kan neem om met ons in gesprekke te tree! Kom ons bly getrou in ons gebede vir die gemeente se werksaamhede en spesifiek vir die gemeente se finansies. (Mat. 7:7-12). Baie dankie vir die positiewe reaksie van lidmate op die kerkraad se oproep om hulle finansiële bydraes te heroorweeg.

GR. 4-6 KOFFIEKROEG 10 NOVEMBER

Op 10 November is daar 'n spesiale eksamen koffiekroeg vir alle Gr .4-6 kinders. Los die boeke vir 'n tydjie en kom ontspan, speel, sing en kuier saam met ons! Dit begin 18:00 en sal teen 20:00 klaar wees.

KERSSPEL

Ons beplan 'n Kersspel op **26 November** en wil almal uitnooi om betrokke te raak. As jy wil deel wees van hierdie oggend kontak **ds. Jana Dickason of Etienne Snyman.**

GROTER IMPAK DEUR VENNOOTSKAPPE

FISANTEKRAAL
Centre for Development
Equipping people for a meaningful life

Vrywilligers, ondersteuners en vennote van die Fisantekraal Sentrum vir Ontwikkeling het alles uit die weg geruim om 'n suksesvolle en aantreklike fondsinsameling by die Canto Wynlandgoed buite Durbanville aan die einde van Augustus te verseker.

Die bydraes van die filantropiese borge, skenkers en gaste het gelei tot 'n finansiële hupstoot van ongeveer R100 000 aan FCD se bedrywighede. Die positiewe reaksie van die gemeenskap is baie bemoedigend, sê Jane Gelderman. FCD wil graag alle besighede, donateursgaste en vrywilligers bedank wat tot die sukses van die geleentheid bygedra het.

Neels Hubinger, voorsitter van die FCD, het gesê dat: "Ons opleidingspogings het die lewens van 242 gesinne die afgelope finansiële jaar positief beïnvloed deur 300 sertifikate aan leerders uit te reik. Gedurende hierdie tyd het ons ons basis van plasingsvennote gegroei en is dit bly om te rapporteer dat die persentasie studente wat werk vind nadat hulle hul opleiding voltooi het, tot 69% toegeneem het. "

Studente het die geleentheid gehad om hul vaardighede as kelners by die geleentheid te vertoon. Die fondse wat by hierdie geleentheid ingesamel word, stel FCD in staat om voortgesette en bekostigbare opleiding aan werkloses te bied.

As u belangstel om deel te wees van die Fondsinsamelingskomitee vir FCD, skakel asseblief met ons om ons te help om vir die volgende groot geleentheid te beplan!
Warm seëninge
Die FCD-span

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

DRINGENDE BEHOEFTE AAN VERBLYF VIR 'N GESIN

Verblyf vir gesin van vier bv 'n 'ouma w/s' aan iemand se huis in Durbanville / Kraaifontein omgewing. Of 'n **een of twee slaapkamer w/s** teen R4 000 p/m (nie deur 'n agent nie) Enige finansiële ondersteuning of **voedselpakkies.**

Skakel vir Esther by 021 975 6370 Maatskaplike werker Durbanville Gemeente

VRYWILLIGERS : 2018

God het vir ons elkeen spesifieke talente en gawes gegee. Ons is lede van een liggaam en elkeen het 'n bydrae om te lewer.

Waar en hoe kan ek betrokke raak by die Gemeente?
Hieronder is verskeie maniere (kortlikse beskrywings) van hoe jy by Durbanville Gemeente betrokke kan raak in 2018. Dui asb vir ons aan op die lyste wat beskikbaar is, waar en hoe jy jou talente en gawes wil aanwend. Die kerkkantoor sal jou verseker kontak. Wil jy graag bietjie meer uitvind omtrent 'n bediening, kontak asb vir *Jackie Pretorius - 021 975 6370 of jackie@durbanvillegemeente.co.za*
Indien jy meer inligting oor die Jeug se verskillende aksies verlang, maak kontak met ds *Jana Dickason 021 975 6370 of* jana@durbanvillegemeente.co.za

KOMMUNIKASIE BEDIENING
Hierdie bediening speel 'n baie belangrike rol in die verspreiding van inligting en bemarking van die gemeente, sy visie, doelstellings, programme, bedieninge en uitreike. Dit word gedoen deur gebruik te maak van alle vorme van media en sluit in: *sms'e, e-posse, weeklikse afkondigings, nuusbriewe, advertensies, jaarprogram en baniere vir spesiale geleenthede. Lidmate met die gawes van bv. bemarking, grafiese agtergrond en kommunikasie, word veral benodig.*

OFFERGAWES en NAGMAAL IN DIE *KLASSIEKE DIENS*
Offergawes: Een persoon per Sondag neem gewoonlik verantwoordlikheid vir die koördinering en opneem van die offergawes. Gedurende die erediens sal die leraar 5 vrywilligers uit die erediens vra om hiermee te help.

Nagmaal: Een keer per maand vind 'n Nagmaal geleentheid plaas. Twee persone neem gewoonlik dan verantwoordelikheid om die voorbereiding van die Nagmaal tafel te hanteer. Dit behels die skinkwerk en dek van die tafel. 10 – 11 Persone word gewoonlik benodig om te help bedien tydens die erediens. Na afloop van die erediens help almal om net vinnig op te ruim en die servies weg te bêre.

Ons het 'n *'whatsapp'*-groep wat die weeklikse kontak met mekaar baie makliker maak. Hoe meer mense ons is, hoe minder diensbeurte het jy deur die jaar.
Kinders/Jongmense is welkom om die Nagmaal te gebruik en word uitgenooi om ook te help met die bedien van Nagmaal of opneem van offergawes.

OFFERGAWES en NAGMAAL BY DIE *FAMILIEDIENS*
Offergawes: Een persoon per Sondag neem gewoonlik verantwoordlikheid vir die koördinering en opneem van die offergawes. Gedurende die erediens word 6 vrywilligers uit die erediens gevra om te help.

Nagmaal: Een keer per maand vind 'n Nagmaal geleentheid plaas. Twee persone neem gewoonlik dan verantwoordelikheid om die voorbereiding van die Nagmaal tafel te hanteer. Dit behels die skinkwerk en dek van die tafel. 8 - 10 Persone word gewoonlik benodig om te help bedien tydens die erediens. Na afloop van die erediens help almal om net vinnig op te ruim en die servies weg te bêre.

Ons het 'n *'whatsapp'*-groep wat die weeklikse kontak en reëlings met mekaar baie makliker maak. Hoe meer mense ons is, hoe minder dienste hoef jy deur die jaar te doen.
Kinders/Jongmense is welkom om die Nagmaal te gebruik en word uitgenooi om ook te help met die bedien van Nagmaal of opneem van offergawes.

BLOMME : KLASSIEKE DIENS en FAMILIEDIENS
Daar word blomme voorsien vir elke Sondag en spesiale geleenthede in ons eredienste. As jy bereid is om te help met blommerangskikkings vir die eredienste, maak asb kontak met ons. Onthou : Dit hoef nie kunswerke te wees nie!

GASVRYHEIDSDIENS BY DIE KLASSIEKE DIENS EN FAMILIEDIENS
Gasvryheid is 'n Bybelse waarde en word geïnspireer met die woorde:
"Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves" (Heb 13: 2). Gasvryheid behels meer as net die inskakeling van nuwe lidmate. Dit sluit o.a. in die hartlike en warme verwelkoming, groet en ontvangs van mense by die eredienste. Wat is nou lekkerder as vriendelike gesigte en 'n gasvrye welkom-groet?

Teebeurte vorm deel van ons gasvryheidsbediening
Sondae gedurende skoolkwartale bedien ons tee en lekker koffie op die stoep by die gemeentesentrum. Dit is 'n ideale geleentheid waar kleingroepe as span saam betrokke kan raak. Hoeveel persone help gewoonlik per oggend hiermee? 3 tot 4 Persone per oggend.

VOUBEURTE BY DIE KERKKANTOOR
Elke Vrydagoggend gedurende die skoolkwartaal kom lidmate (mans en vroue en gewoonlik 2 persone per keer) om te help met die vou van die afkondigings vir die komende Sondag. Hierdie is 'n gewilde bediening. Dit is soms 'n geleentheid waar vriende sommer net lekker kan gesels en bande kan smee terwyl die afkondigings reggekry word vir Sondag. Dit vind plaas in die kerkkantoor.

HULP MET BEGRAFNISSE
Hierdie Diensgroep dek die tafels en sorg vir 'n koppie tee of koffie na die begrafnis. Die familielede gee self die eetgoed vir die spesifieke begrafnis. Skakel asseblief voor die begrafnis om die nodige reëlings te tref met die kerkkantoor wat die koördinering verder met die betrokke
vrywilligers sal hanteer. Ons verwelkom graag hulp met die bediening van die tee/koffie en verversings. Mans en vroue is welkom!

VROUEBEDIENING
Ons vrouebediening het tydens 2017 'n nuwe baadjie aangetrek. Ons voel ons het altyd nog bydraes en insette in ons span nodig en verwelkom enige vrou wat geroepe voel om deel te wees van hierdie span. Take verskil van saam dink en gesels tot die harde werk op die dag van groot funksies en natuurlik geestelike begeleiding en mentorskap. Skryf jou naam op en ons sal saam met jou 'n koffie gaan drink om te hoor waar lê jou hart.

UITREIK BEDIENING
Die Uitreikbediening fokus veral op die uitreik na ouer persone in die gemeenskap wat moontlik hulp benodig weens (tydelike) veswakking of verwaarlosing.
Kom sluit gerus aan by hierdie groep en help so om 'n verskil in iemand se lewe te maak!

GEMEENSKAPSKOMBUIS
By die sopkombuis agter Shoprite word daar nou daagliks werkswinkels, basiese maatskaplike dienste en 'n werksrehabilitasieprogram vir hawelose mense aangebied saam met die sop en brood; daarom word dit nou 'n gemeenskapskombuis genoem. Enkele nuwe sopmakers of broodkopers sal welkom wees, maar ons het nou veral nodig dat baie lidmate etekoepons sal aanskaf en in die dorp versprei om behoeftiges na hierdie geleenthede toe te nooi. Verder vra ons individue, besighede of kleingroepe om 'n werkspan te borg (dit kos ongeveer R1900 per maand om 'n span van 4 persone eenmaal per week te laat werk).

JEUGBEDIENING :
Jeuggroepleiers
Ons jeugbediening benodig elke jaar 'n verskeidenheid van jeuggroepleiers. Hierdie groepleiers gee leiding en toerusting gedurende jeuggroepe op 'n Sondag na die erediens.

Koffiekroeg
Ons benodig jou kreatiwiteit en hande arbeid om ons te help om ons koffiekroeë op 'n Sondagaand uit te voer. Dit sluit soms in gasvryheid, mentorskap en beplanning as deel van 'n groter tienerspan.

Beplanning
"I love it when a plan comes together", ons benodig hulp met die uitvoer en deurvoer van planne. Soms kan ons net nie op twee plekke gelyk wees nie en ons sal enige hulp waardeer. Vrywilligers se idees val ook nie op dowe ore nie, ons waardeer jou inset en glo dat die Here deur Sy kinders werk.

Mentors
Ons jeug het leiers nodig wat bereid is om 'n pad saam met hulle te stap. Hierdie sluit in koffiegesprekke of selfs hulp met sekere onderwerpe wat by die koffiekroeg aangeraak word of tydens jeuggroepe. 'n Mentor kan ook aan 'n enkele tiener geallokeer word, waarmee jy gedurende die jaar 'n pad stap.
Ons wil altyd ons lidmate laat welkom voel en dit verskil glad nie in die jeugbediening nie. Ons het hulp nodig tydens ons aand koffiekroeë met verwelkoming, maar ook *"connections"*.

VRYWILLIGERS : 2018

God het vir ons elkeen spesifieke talente en gawes gegee. Ons is lede van een liggaam en elkeen het 'n bydrae om te lewer.

Waar en hoe kan ek betrokke raak by die Gemeente?
Hieronder is verskeie maniere (kortlikse beskrywings) van hoe jy by Durbanville Gemeente betrokke kan raak in 2018. Dui asb vir ons aan op die lyste wat beskikbaar is, waar en hoe jy jou talente en gawes wil aanwend. Die kerkkantoor sal jou verseker kontak. Wil jy graag bietjie meer uitvind omtrent 'n bediening, kontak asb vir *Jackie Pretorius - 021 975 6370 of jackie@durbanvillegemeente.co.za*
Indien jy meer inligting oor die Jeug se verskillende aksies verlang, maak kontak met ds *Jana Dickason 021 975 6370 of* jana@durbanvillegemeente.co.za

KOMMUNIKASIE BEDIENING
Hierdie bediening speel 'n baie belangrike rol in die verspreiding van inligting en bemarking van die gemeente, sy visie, doelstellings, programme, bedieninge en uitreike. Dit word gedoen deur gebruik te maak van alle vorme van media en sluit in: ***sms'e, e**-posse, weeklikse afkondigings, nuusbriewe, advertensies, jaarprogram en baniere vir spesiale geleenthede. Lidmate met die gawes van bv. bemarking, grafiese agtergrond en kommunikasie, word veral benodig.*

OFFERGAWES en NAGMAAL IN DIE *KLASSIEKE DIENS*
Offergawes: Een persoon per Sondag neem gewoonlik verantwoordlikheid vir die koördinering en opneem van die offergawes. Gedurende die erediens sal die leraar 5 vrywilligers uit die erediens vra om hiermee te help.

Nagmaal: Een keer per maand vind 'n Nagmaal geleentheid plaas. Twee persone neem gewoonlik dan verantwoordelikheid om die voorbereiding van die Nagmaal tafel te hanteer. Dit behels die skinkwerk en dek van die tafel. 10 – 11 Persone word gewoonlik benodig om te help bedien tydens die erediens. Na afloop van die erediens help almal om net vinnig op te ruim en die servies weg te bêre.

Ons het 'n *'whatsapp'*-groep wat die weeklikse kontak met mekaar baie makliker maak. Hoe meer mense ons is, hoe minder diensbeurte het jy deur die jaar.
Kinders/Jongmense is welkom om die Nagmaal te gebruik en word uitgenooi om ook te help met die bedien van Nagmaal of opneem van offergawes.

OFFERGAWES en NAGMAAL BY DIE *FAMILIEDIENS*
Offergawes: Een persoon per Sondag neem gewoonlik verantwoordlikheid vir die koördinering en opneem van die offergawes. Gedurende die erediens word 6 vrywilligers uit die erediens gevra om te help.

Nagmaal: Een keer per maand vind 'n Nagmaal geleentheid plaas. Twee persone neem gewoonlik dan verantwoordelikheid om die voorbereiding van die Nagmaal tafel te hanteer. Dit behels die skinkwerk en dek van die tafel. 8 - 10 Persone word gewoonlik benodig om te help bedien tydens die erediens. Na afloop van die erediens help almal om net vinnig op te ruim en die servies weg te bêre.

Ons het 'n *'whatsapp'*-groep wat die weeklikse kontak en reëlings met mekaar baie makliker maak. Hoe meer mense ons is, hoe minder dienste hoef jy deur die jaar te doen.
Kinders/Jongmense is welkom om die Nagmaal te gebruik en word uitgenooi om ook te help met die bedien van Nagmaal of opneem van offergawes.

BLOMME : KLASSIEKE DIENS en FAMILIEDIENS
Daar word blomme voorsien vir elke Sondag en spesiale geleenthede in ons eredienste. As jy bereid is om te help met blommerangskikkings vir die eredienste, maak asb kontak met ons. Onthou : Dit hoef nie kunswerke te wees nie!

GASVRYHEIDSDIENS BY DIE KLASSIEKE DIENS EN FAMILIEDIENS
Gasvryheid is 'n Bybelse waarde en word geïnspireer met die woorde:
"Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves" (Heb 13: 2). Gasvryheid behels meer as net die inskakeling van nuwe lidmate. Dit sluit o.a. in die hartlike en warme verwelkoming, groet en ontvangs van mense by die eredienste. Wat is nou lekkerder as vriendelike gesigte en 'n gasvrye welkom-groet?

Teebeurte vorm deel van ons gasvryheidsbediening
Sondae gedurende skoolkwartale bedien ons tee en lekker koffie op die stoep by die gemeentesentrum. Dit is 'n ideale geleentheid waar kleingroepe as span saam betrokke kan raak. Hoeveel persone help gewoonlik per oggend hiermee? 3 tot 4 Persone per oggend.

VOUBEURTE BY DIE KERKKANTOOR
Elke Vrydagoggend gedurende die skoolkwartaal kom lidmate (mans en vroue en gewoonlik 2 persone per keer) om te help met die vou van die afkondigings vir die komende Sondag. Hierdie is 'n gewilde bediening. Dit is soms 'n geleentheid waar vriende sommer net lekker kan gesels en bande kan smee terwyl die afkondigings reggekry word vir Sondag. Dit vind plaas in die kerkkantoor.

HULP MET BEGRAFNISSE
Hierdie Diensgroep dek die tafels en sorg vir 'n koppie tee of koffie na die begrafnis. Die familielede gee self die eetgoed vir die spesifieke begrafnis. Skakel asseblief voor die begrafnis om die nodige reëlings te tref met die kerkkantoor wat die koördinering verder met die betrokke
vrywilligers sal hanteer. Ons verwelkom graag hulp met die bediening van die tee/koffie en verversings. Mans en vroue is welkom!

VROUEBEDIENING
Ons vrouebediening het tydens 2017 'n nuwe baadjie aangetrek. Ons voel ons het altyd nog bydraes en insette in ons span nodig en verwelkom enige vrou wat geroepe voel om deel te wees van hierdie span. Take verskil van saam dink en gesels tot die harde werk op die dag van groot funksies en natuurlik geestelike begeleiding en mentorskap. Skryf jou naam op en ons sal saam met jou 'n koffie gaan drink om te hoor waar lê jou hart.

UITREIK BEDIENING
Die Uitreikbediening fokus veral op die uitreik na ouer persone in die gemeenskap wat moontlik hulp benodig weens (tydelike) veswakking of verwaarlosing.
Kom sluit gerus aan by hierdie groep en help so om 'n verskil in iemand se lewe te maak!

GEMEENSKAPSKOMBUIS
By die sopkombuis agter Shoprite word daar nou daagliks werkswinkels, basiese maatskaplike dienste en 'n werksrehabilitasieprogram vir hawelose mense aangebied saam met die sop en brood; daarom word dit nou 'n gemeenskapskombuis genoem. Enkele nuwe sopmakers of broodkopers sal welkom wees, maar ons het nou veral nodig dat baie lidmate etekoepons sal aanskaf en in die dorp versprei om behoeftiges na hierdie geleenthede toe te nooi. Verder vra ons individue, besighede of kleingroepe om 'n werkspan te borg (dit kos ongeveer R1900 per maand om 'n span van 4 persone eenmaal per week te laat werk).

JEUGBEDIENING :
Jeuggroepleiers
Ons jeugbediening benodig elke jaar 'n verskeidenheid van jeuggroepleiers. Hierdie groepleiers gee leiding en toerusting gedurende jeuggroepe op 'n Sondag na die erediens.

Koffiekroeg
Ons benodig jou kreatiwiteit en hande arbeid om ons te help om ons koffiekroeë op 'n Sondagaand uit te voer. Dit sluit soms in gasvryheid, mentorskap en beplanning as deel van 'n groter tienerspan.

Beplanning
"I love it when a plan comes together", ons benodig hulp met die uitvoer en deurvoer van planne. Soms kan ons net nie op twee plekke gelyk wees nie en ons sal enige hulp waardeer. Vrywilligers se idees val ook nie op dowe ore nie, ons waardeer jou inset en glo dat die Here deur Sy kinders werk.

Mentors
Ons jeug het leiers nodig wat bereid is om 'n pad saam met hulle te stap. Hierdie sluit in koffiegesprekke of selfs hulp met sekere onderwerpe wat by die koffiekroeg aangeraak word of tydens jeuggroepe. 'n Mentor kan ook aan 'n enkele tiener geallokeer word, waarmee jy gedurende die jaar 'n pad stap.
Ons wil altyd ons lidmate laat welkom voel en dit verskil glad nie in die jeugbediening nie. Ons het hulp nodig tydens ons aand koffiekroeë met verwelkoming, maar ook *"connections"*.